

Amarisa Kruip!

Madeleine Mitchell

Ons wil almal die beste vir ons kinders hê en as hulle nog klein is, is dit vir ons mammas veral belangrik dat ons babas al hulle fisiese mylpale bereik.

Mamma Salome is 'n enkelmamma en het by BabaGim kom aanklop na sy vir Dr Melodie de Jager by 'n aangeleentheid hoor praat het oor die belangrikheid van kruip.

Dit was die namiddag van Donderdag 09 November 2017, toe Salome my kontak. Twee dae voor my volgende BabaGim 2 Ferm Grondslag program die Saterdag, 11 November 2017 sou begin. Mamma Salome wou by die BabaGim klassies aansluit want sy was bekommerd - haar dogtertjie Amarisa, was al 13 maande oud en nog nie aan die kruip nie.

Amarisa was die oudste babatjie in die klas en het weekliks gesorg vir lekker baie geluide en beweging!

Ons het in Week 1 begin om die babas se lyfies met massering te ontspan en hul liggaamsbewussyn te verhoog. In Week 2 het ons die naby sintuie met beweging en balans ontwikkel, wat sorg vir goeie balans en spierbeheer. Ons het in Week 3 aan hulle reuk en smaak sintuie gewerk deur verskillende vrugte en kruie te ruik en Amarisa het ook geproe aan die verskillende kossoorte. Ons het ook lekker mond oefeninge gedoen.

In Week 4 het Mamma Salome met groot opwinding vir die klas kom vertel "Amarisa kruip!".

Sy was een oggend besig om klaar te maak vir werk toe haar broer 'n ogie oor Amarisa gehou het. Die volgende oomblik het Amarisa al kruipend by haar kamerdeur ingekom!

Wat 'n fantastiese mylpaal om te bereik. Tussen my en Mamma Salome weet ek nie wie was die trotste nie! Ek is so bly dat hierdie mamma se besorgde hart kon rustig raak. Haar toewyding en die BabaGim-oefeninge het die wêreld se verskil gemaak.

Teen Week 5, ons laaste klassie en die BabaGim gradeplegtigheid, het al die mammas en pappas fees gevier oor hulle babatjies BabaGim suksesvol voltooi het, maar ook omdat hulle kon aanskou hoe Amarisa haar kruip mylpaal bereik het.

Mamma Amarisa sê: "ek is so bly ek het BabaGim ontdek!"

